

AfriForum
SPORT

# Borgskapgeleentheid:
# AfriForum Sport


BE THE INFLUENCE


GS

GRIP





# INHOUD


**Ons visie** 4

**Ons missie** 4

**Inleiding** 4

**Bestaansrede** 5

- Die doel van ons inisiatief 5
- Wat behels dit? 5
- Wat is dit nie? 5
- Wat is ons hoogste ideale? 5
- Wat is ons primêre ontstaansrede? 5

**Ons span** 6

**Fokusprojekte** 6

**Voordele vir skenkers** 7

# ONS VISIE

Ons wil 'n platform vestig om sporttalent te identifiseer en te ontwikkel, sodat ons oplossings kan bied vir huidige tekorte en uitdagings in die sportsfeer. Daardeur wil ons 'n merietegebaseerde en regverdige toekoms vir sporttalent in Suid-Afrika verseker.

# ONS MISSIE

Ons wil sportliggame, sporttalent en sportgemeenskappe bemagtig deur

- hulpbronne meer bekombaar te maak;
- oplossings te bied vir huidige tekorte en uitdagings;
- hoëgehalteafrigting en -opleiding bekombaar te maak;
- as middelman te dien vir privaatsektorinkoop in die finansiële ondersteuning van professionele atlete; en
- 'n tuiste te skep vir die gemeenskap om op 'n sosiale vlak met sport as voertuig te verenig.

# INLEIDING

Sport is deel van wie ons is en is deel van ons verhaal. Dit maak nie saak wat gebeur nie – sport sal altyd 'n kernelement van ons gemeenskappe bly. Daarom weet ons ook dat ons nooit alleen is nie. En dít is waarin ons krag lê.

AfriForum Sport se fokus of beginpunt is drieledig. Eerstens fokus ons daarop om hulpbronne toeganklik te maak vir ons lede, hul kinders en skoolsportafrigters deur opleidingsgeleenthede, ontwikkelingsprojekte en sportkongresse te organiseer en aan te bied.

Tweedens fokus ons daarop om sport in gemeenskappe te ondersteun en verder te ontwikkel. Ons almal weet dat sport gemeenskappe saambind en daarom gaan ons geleenthede skep wat mense bymekaarbring en terselfdertyd sporttalent en -geleenthede verder ontwikkel.

Die derde fokus is om as middelman en fasiliteerder te dien tussen die privaat sektor en professionele atlete. Só kan ons 'n voertuig skep waardeur hierdie atlete welverdiende en voldoende ondersteuning kan ontvang om hul volle potensiaal te bereik en in die grootste sportarenas te kan deelneem en presteer.



# BESTAANSREDE

## Die doel van ons inisiatief

Suid-Afrikaners het 'n passie en liefde vir sport wat moeilik geblus kan word. Dit is sonder twyfel een van die grootste (indien nie dié grootste) platforms wat gemeenskappe verenig. Ons inisiatief het ten doel om 'n selfstandige platform te skep waardeur ons gemeenskappe toegang tot hulpbronne en geleenthede gee om op dié wyse Suid-Afrikaanse sport te ontwikkel. Dié doel kan slegs bereik word deur sterk vennootskappe te vestig met sportverskaffers, die privaat sektor en atlete wat bereid is om hierdie inisiatief saam met ons uit te voer.

By AfriForum is ons konstant gefokus op toekomsskepping, selfbestuur en selfstandigheid, en wanneer ons oor hierdie konsepte praat, kan sport nie uitgesluit word as 'n kritieke fokuspunt nie. Sport is deel van ons kultuur en van wie ons is. Dit is dus ons verantwoordelikheid om 'n platform te skep waarin ons huidige en toekomstige atlete en sportliefhebbers kan floreer, hul talente kan uitleef en ontwikkel, en regverdige geleenthede kan ontvang.

Ons moet selfbestuur toepas en verseker dat iets wat deel vorm van wie ons is nie van ons weggeneem of vervreem word nie. Ons moet verseker dat ons nageslagte hierdie deel van ons kultuur en die passie wat ons daarvoor het, sal kan beleef en uitleef sonder enige skaamte.

## Wat behels dit?

Ons beplan 'n sportnetwerk wat sporttalent identifiseer, ontwikkel en ondersteun, en wat die ontwikkeling van skolesportafrigters prioritiseer en aktiveer. Dis 'n netwerk waarin sportlegendes hul vaardighede en kennis in ons volgende geslag kan terugploeg en dit in hul moedertaal kan doen. En dis 'n netwerk wat merietegebaseerde sport, prestasie en vooruitgang ondersteun en daarop voortbou.

## Wat is dit nie?

Dit is nie 'n reaktiewe inisiatief wat die huidige stelsel verkeerd probeer bewys of wat daarop gemik is om politiek in sport direk aan die kaak te stel nie.

## Wat is ons hoogste ideaal?

Ons wil graag 'n selfstandige sportnetwerk daarstel waardeur hulpbronne maklik bekombaar en bekostigbaar is, en wat gelyke geleenthede bied en die passie in sport terugsit.

## Wat is ons primêre bestaansrede?

1. Die vestiging van sterk vennootskappe met sportverskaffers, professionele atlete en afrigters, en die private sektor. Die stigting en ontwikkeling van 'n sportplatform waardeur kennis en ervaring oorgedra kan word, sportmentorskap kan plaasvind en talentontwikkeling aangeprys word.

2. Die ondersteuning, ontwikkeling en organisering van hoëgehalte-sportgeleenthede waar meriete die enigste keuringskriterium is.

AfriForum Sport is in 2021 gestig en het sedertdien baie sterk netwerke in die sportarena gevestig. Kundiges soos Duitser Bosman, Vlok Cilliers, Roedolf van der Westhuizen, Chris Lombaard, Niel du Plessis en Erin Burger is net 'n paar van AfriForum Sport se netwerkvennote.

AfriForum Sport het dit reeds reggekry om groot rolspelers in die sportbedryf, soos PVM, POLAR en Braven Performance, by projekte en geleenthede betrokke te kry.

## ONS SPAN



*Ronald Peters – Bestuurder*



*Marné Buys – Sportbeampte*

## FOKUSPROJEKTE VIR 2023

1. **Ons wil elke maand 'n #VirHoop-pretloopgeleentheid by die Voortrekkermonument hou.**
   Dié projek bied vir gemeenskappe die geleentheid om saam te kom, nuwe ondersteuningsnetwerke te vorm en uit hul daaglikse gejaagde lewe te ontsnap. Die projek dien ook as voertuig vir fondsinsameling ten bate van ander projekte wat met AfriForum Sport se doelwitte en waardes belyn is.

2. **Ons wil AfriForum Sport se forum vir atlete stig.**
   Dié forum moet as beskermings-en-ontwikkelingsvoertuig vir professionele atlete dien en veg vir ondersteuning aan atlete en regverdige behandeling op federasievlak. Terselfdertyd moet die forum deur vennootskappe met die private sektor 'n parallelle ondersteuningskomponent skep sodat ons self eienaarskap kan neem van ons atlete se optimale ontwikkeling en prestasie. Hierdie forum word bekendgestel deur AfriForum Sport se #YsterSlypYster-projek, waarvan meer inligting op ons webtuiste by www.afriforumsport.co.za beskikbaar is.

3. **Ons gaan ook AfriForum Sport se kompasprojek ontwikkel en uitbou.**
   Dit is 'n samewerkingsprojek waar kundige rolspelers soos dr. Chris Lombard, Lynette Beer, PVM, Braven Performance en die span van WIRED baanbrekerinligting oor die optimale ontwikkeling van kinders deur sport met ouers, skoolafrigters en kinders deel.

4. **Ons beplan ook aan AfriForum Sport se jaarlikse kongres.**
   Met hierdie kongres bied AfriForum Sport aan skolesportafrigters en -organiseerders toegang tot van die land se topkundiges in sportontwikkeling en -afrigting. Hierdie projek is reeds in 2022 geloods en het reeds groot aftrek van skole en sportkundiges verkry.

5. **AfriForum Sport fokus ook op juniorgholfontwikkeling in samewerking met iPlayiCare.**
Met dié projek identifiseer ons kinders met 'n natuurlike talent vir gholf. Ons help hulle ontwikkel en bied hulle toegang tot die nodige hulpbronne en geleenthede om optimale ontwikkeling en prestasie te verseker.

6. **Ons wil ook sosiale gesamentlike oefengeleenthede vir ons gemeenskappe bied.**
Om uitdagings soos misdaad en onveilige oefenruimtes die hoof te bied, poog AfriForum Sport om saam met ander rolspelers geleenthede te skep waar AfriForum Sport-lede 'n gesonde lewenstyl saam met mekaar kan beoefen deur middel van byvoorbeeld hardloop- en fietsrygroepe.

7. **Laastens wil ons merietesportbyeenkomste en -projekte ontwikkel en ondersteun.**
AfriForum Sport is trots daarop om betrokke te wees by verskeie topgehaltesportgeleenthede soos onder meer die Super12-skolereeks, die VlokSkop-stigting se jaarlikse fietstoer, iPlayiCare se juniorgholfontwikkeling, Kobus Wiese se o. 13-rugby-en-netbalsuperseries en vele meer.

## VOORDELE VIR SKENKERS

As skenker ondersteun jy nie net 'n saak wat 'n daadwerklike impak op gemeenskappe en die toekoms van sport in Suid-Afrika sal hê nie. Omdat AfriForum by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens as maatskappy sonder winsoogmerk geregistreer is, hou jou skenking 'n belastingvoordeel vir jou in.

Ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 mag jy tot 10% van jou belasbare inkomste aan 'n liefdadigheidsorganisasie of maatskappy sonder winsoogmerk skenk. AfriForum sal 'n artikel 18A-sertifikaat uitreik vir enige skenking wat jy maak. Skenkers en borge sal boonop bemarkingsgeleenthede hê op onder meer AfriForum Sport se webtuiste, asook ook by enige byeenkomste of -projekte waarvan AfriForum Sport die organiseerder is.

Ons versoek jou dus om dit te oorweeg om hierdie gedeelte van jou geld wat jy moontlik jaarliks aan 'n vervallende staat oorbetaal eerder aan ons toe sal vertrou. In ruil beloof ons om 'n daadwerklike verskil te maak.

As jy meer inligting verlang, kan jy vir Ronald Peters by 079 527 4303 of ronald.peters@afriforum.co.za kontak.

**Word deel van 'n sportgemeenskap wat saam bou en eienaarskap neem van ons eie toekoms. Word deel van AfriForum Sport.**